Nuusbrief vir 27 Februarie 2020

Hoërskool Swartland

NUUS

Koor: Langtafel ete en wynveiling

27 Februarie 2020

Ons skoolkoor hou op Vrydag 28 Februarie 'n langtafel ete en wynveiling ten bate van die toer wat hulle onderneem. Dit sal by ons skool plaasvind, 18:30 vir 19:00, en beloop R200 per persoon. Die kaartjies is by ons finanskantoor beskikbaar. Meer detail is op die kaartjie uiteengesit.

Marita van der Vyver besoek skool

27 Februarie 2020

Marita van der Vyver, die skrywer, besoek ons skool op 5 Maart vanaf 12 uur. Ouers en belangstellendes is welkom om saam met die leerders haar praatjie by te woon. Sy sal die volgende boeke saambring wat teen 'n baie spesiale prys te koop aangebied sal word:
"Al wat ek weet" teen R90 en "Retoer: Pretoria Provence" teen R150. Sy sal die boeke aan die einde van haar praatjie teken. Vir elke "Retoer" boek wat verkoop word, kry die skool R40 terug.
Aangesien Marita min or meer wil weet hoeveel boeke om saam te bring, sal dit help as u mev De Klerk by die skool skakel (022-4821469) om 'n aanduiding te gee of u sou belangstel om enigsins van hierdie boeke te koop. Ons wil net 'n aanduiding van die belangstelling aan hulle deurgee.

Hokkie winter oefentye

27 Februarie 2020

Die hokkie winter oefenprogram begin vanaf 2 Maart. Vergewis uself van die oefentye - die rooster is op Bronne / "Resources" op hierdie D6 Communicator program.

Atletiek prestasies

27 Februarie 2020

Na afloop van die Boland kampioenskappe het ons die volgende uitslae:
Goue medaljes: Christiaan Bester S.17 (10km stap), Cara Bester D.19 (10km stap), Emma Hartley D.15 (5km stap), Isabel du Bruyn D.15 (800m en 1500m)
Silwer medalje: Tercia Adams D.15 (1500m hindernis)
Brons medaljes: Ferial Swanepoel D.19 (100mH), Selma du Preez D.17 (800m en 1500m), Inge von Wielligh D.19 (diskus), Kristin van der Ross D.17 (200m)
Vierde plek: Kristin van der Ross (100m & 400mH), Jay-Cee Kotze finaal gehaal in 100m en vierde in verspring
Vyfde plekke: Luzaine van der Vent S.14 (300mH), Lize-Marie Steyn (gewigstoot), FC Eygelaar (hindernis)
Baie geluk aan hierdie atlete!

Gholf uitslae

26 Februarie 2020

HS Swartland wen vir Steynville 87 punte teenoor 61. Auden Julies en Johandré Theron speel elk 38 houe en Tian van Lill 40. Wel gedaan, manne!

Aksie-netbal prestasies

26 Februarie 2020

Mané en Danél Visser is gekies om Weskus Aksienetbal O/16A by die Junior Liga Interprovinsiale toernooi te verteenwoordig. Dit vind plaas van 26 tot 31 Maart 2020 by die Hillfox Sportsarena in Gauteng. Baie geluk en baie sterkte met hierdie uitdaging!

Krieket uitslae

26 Februarie 2020

20 Februarie: O/15A vs Hopefield A. Swartland wen met 31 lopies.
O/19A/B vs Hopefield. Swartland wen met 9 lopies. André Pienaar kry 49 lopies, Billy van Zyl neem 3 paaltjies.
15 Februarie: O/19A verloor met 6 paaltjies teenoor Hugenote. André Pienaar kry 54 nie uit nie.

Wiskunde ekstra klasse

26 Februarie 2020

Ekstra Wiskunde-klasse vir graad 8 tot 12 word deur 'n gekwalifiseerde onderwyseres aangebied. Vir meer inligting en navrae oor kostes skakel Elsie Oosthuizen by 082 378 6830.

Universiteit Stellenbosch algemene opedag

26 Februarie 2020

Hierdie opedag is op 29 Februarie 08:00-15:00. Bywoning is gratis en registrasie word nie vooraf benodig nie.
Let wel: Dit sluit die Ingenieurswese se opedag in.
Die beginpunt waar u 'n inligtingspakket oor die roete en sessies kan ontvang, is in die markiestent op die hoek van Banghoekweg en Joubertstraat in Stellenbosch. Vir verdere navrae kan u die inligtingskantoor skakel by 021-8089111.

Skoolfonds vir 2020

26 Februarie 2020

Die volgende skoolfonds en resolusies is bevestig en goedgekeur:
Skoolfonds van R17 900 per jaar per leerder. Dit word eenmalig vooruit gehef en is vooruitbetaalbaar.
U kan op drie maniere betaal:
R17 000 voor 28 Februarie 2020, OF R4 475 binne die eerste 14 dae van elke kwartaal, OF R1 790 per maand oor 10 maande met die laaste paaiement vóór 30 November 2020.
Alle nié-betalers tot en met die 31 Maart 2020-rekonsiliasie word outomaties vir invordering aan ons prokureurs oorhandig.
Alle rekeninge wat vir 60 dae en langer dormant en onbetaald is, word outomaties vir invordering aan ons prokureurs oorhandig.
Let wel- spesiale betaalreëlings mag slegs deur beheerliggaam (skriftelik) goedgekeur word.

Koshuislosies vir 2020

26 Februarie 2020

Die volgende koshuislosies en resolusies is vir 2020 bevestig en goedgekeur:
Losies: R30 100 per jaar per kind - vooruitbetaalbaar op drie maniere:
Eenmalig vir die jaar voor die einde van die eerste kwartaal, naamlik 31 Maart 2020; OF
R7 525 per kwartaal binne die eerste twee weke van elke kwartaal; OF
R3 010 per maand oor 10 maande, voor die 25ste van elke maand, met die laaste betaling vóór 30 November 2020.
Oorhandiging aan prokureurs van 'n kwartaal agterstallige rekening en uitsetting van sodanige kosganger uit die koshuis vanaf die daaropvolgende kwartaal. Die ouer bly aanspreeklik vir agterstallige losies, al is die leerder in so 'n geval uit die koshuis uit.

Skool, koshuise, bus, rekening nommers

26 Februarie 2020

Skoolfonds: (Navrae: Mev P van der Westhuijzen)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland, NEDBANK Malmesbury,takkode 154605, rekeningnommer 103 982 7438
Koshuislosies vir dogters: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Zyl, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 1311
Koshuislosies vir seuns: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Imhoff, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 0463
Busvervoer na en van Riebeek: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland busdiens, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 982 9058
By die verwysing moet u asb u kind se leerdernommer (skoolfonds) OF naam en van volledig intik.

School Communicator Mobile App

26 Februarie 2020

Besoek hierdie skakel op u selfoon en laai die skool se Communicator af. Blackberry, iPhone en Android toestelle.
http://school-communicator.com/download.php

Indien u liewer verkies om elke Vrydag 'n harde kopie van die nuusbrief op papier te ontvang, kan u kind hierdie nuusbrief elke Vrydag by mev De Klerk se kantoor gaan afhaal. Slegs 'n beperkte aantal harde kopieë word gemaak.

KALENDER vir 27 Februarie 2020 - 5 Maart 2020

27th Februarie 2020
Opedag

27th Februarie 2020
Swem Aflosgala HJS Paarl

28th Februarie 2020
Detensie 14:00

28th Februarie 2020
Koorete

29th Februarie 2020
Krieket O/19A weg
vs Montana

29th Februarie 2020
Krieket O/15A tuis
vs RPC

29th Februarie 2020
Toutrek te Westcliff

29th Februarie 2020
Hopefield sportdag
Rugby 19A en B, Netbal 19A en 16A

2nd Maart 2020
HSS en LSS BL-vergader
LS Swartland

3rd Maart 2020
Engels Olimpiade 11:00-14:00

3rd Maart 2020
Formele toetse

3rd Maart 2020
Finanskomitee vergader 18:00

3rd Maart 2020
Drama na Fugard

4th Maart 2020
Formele toetse

4th Maart 2020
Tennis 2de S en D vs Vredenburg weg

5th Maart 2020
Formele toetse

5th Maart 2020
Gr 11 Landboutoer na Robertson

HULPBRONNE bygevoeg in die afgelope 7 dae

Hokkie winter oefentye

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5e57705159d2f069442483.docx

Februarie 21 Nuusbrief

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5e4e3fb4d225a343899061.pdf

Wil jy die nuus kry soos dit gebeur? Kliek hier om die lessenaar kommunikeerder af te laai.

Hoërskool Swartland